



AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
BYBELKENNISEKSAMEN – 2022

GRAAD 5 – VRAESTEL

BESTEK	
Ou Testament	Ex. 4-6
Nuwe Testament	Matthéüs 21:28-46, 24:45-25:46
Les	Les 1 – 9

Afdeling A – Ex. 4 – 6

Vraag 1 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 1.1 Moses het sy staf op die grond gegooi en dit het verander in 'n _____. (Ex. 4:3)
(a) slang (b) stok (c) vrug (d) nuwe staf
- 1.2 Toe Moses sy hand in sy boesem steek het sy hand _____ geword. (Ex. 4:6)
(a) soos hout (b) warm (c) koud (d) melaats
- 1.3 Wanneer Moses die water van die Nyl op die droë grond gegooi het sou dit verander in _____. (Ex. 4:9)
(a) wyn (b) bloed (c) modder (d) medisyne
- 1.4 Moses het aan die Here gesê dat hy swaar van mond en swaar van _____ is. (Ex. 4:10)
(a) gedagte (b) voet (c) tong (d) gemoed
- 1.5 Die Here het ook vir _____ gestuur om saam met Moses te gaan na Egipte om te help praat. (Ex. 4:14)
(a) Levi (b) Aäron (c) Simeon (d) Juda

Vraag 2 Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:

verhard, drie, geglo, lui, mond

- 2.1 Aäron sou vir Moses 'n **A** wees. (Ex. 4:16)
- 2.2 Die Here het vir moses gesê dat Hy die Farao se hart sal **B**. (Ex. 4:21)
- 2.3 Toe Aäron met die volk gepraat het en al die tekens gedoen het het hulle **C**. (Ex. 4:30-31)
- 2.4 Farao is gevra dat die volk van die Here **D** dagreise ver die woestyn kon intrek om aan die Here te offer. (Ex. 5:3)
- 2.5 Farao het die Israeliete beskuldig dat hulle **E** is en harder moes werk. (Ex. 5:8)

Vraag 3 **Sê of die volgende Waar of Vals is.**
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 3.1 Die Israeliete kon net soveel stene maak sonder dat die strooi vir hulle gegee was. (Ex. 5:14)
- 3.2 Die Israeliete was kwaad vir Moses en Aäron omdat gehaat was in die oë van die Farao. (Ex. 5:21)
- 3.3 Die Here het beloop om sy volk deur 'n stekte hand te laat trek. (Ex. 5:24)
- 3.4 Die Here het in sy verbond beloop om aan Israel die land Kanaän te gee. (Ex. 6:3)
- 3.5 Die volk het na Moses geluister nadat die Here vir 'n tweede maal met hulle gepraat het en verlossing beloop het. (Ex. 6:8)
- 3.6 Moses het aan die Here gesê dat Hy onbesnede van lippe is. (Ex. 6:29)
- 3.7 Moses moes die slang aan die stert gryp en dit sou weer 'n staf word. (Ex. 4:4)
- 3.8 Moses sou uiteindelik drie tekens doen sodat Farao sou glo dat die Here God is. (Ex. 4:1-9)
- 3.9 Die Here gee die mens die vermoë om te kan praat met jou mond. (Ex. 4:11)
- 3.10 Die Here het baie kwaad vir Moses geword oor hy nie kans gesien het om te praat nie en baie verskonings gehad het. (Ex. 4:14)

20 punte.

Afdeling B – Mattheüs 21:28-46, 24:45-25:46
--

Vraag 4 **Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:**

- 4.1 Hoeveel seuns het die man in die gelykenis gehad om in sy wingerd te werk? (Matt. 21:28)
(a) 1 (b) 2 (c) 3 (d) 4
- 4.2 Wat was die antwoord van die eerste seun op sy vader se vraag om te gaan werk in die wingerd. (Mt. 21:28-29)
(a) Miskien (b) Ek wil nie (c) Ja (d) Hy het nie geantwoord nie
- 4.3 Wat was die antwoord van die tweede seun op sy vader se vraag om te gaan werk in die wingerd. (Mt. 21:30)
(a) Miskien (b) Ek wil nie (c) Ja (d) Hy het nie geantwoord nie
- 4.4 Die wingerd van die huisheer het 'n heining om gehad, 'n wagtoring en wat was daar nog binne die wingerd? (Mt. 21:33)
(a) niks nie (b) 'n teetuin (c) 'n rusbank (d) 'n parskuip
- 4.5 Wat het die huurders van die wingerd met die seun van die eienaar gedoen toe hy by die wingerd aankom? (Mt. 21:38)
(a) hulle het hom doodgemaak (b) hulle het hom omhels
(c) hulle het vir hom geld gegee (d) hulle het niks gedoen nie

Vraag 5 **Voltooi die volgende sinne en vul die antwoord op die antwoordstel in:**

voedsel, dienskneg, tien, Fariseërs, hoeksteen,

- 5.1 Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n A geword. (Mt. 21:42)
- 5.2 ... toe die owerpriesters en B sy gelykenisse hoor, het hulle begryp dat Hy van hulle spreek. (Mt. 21:45)
- 5.3 Wie is dan die getroue en verstandige C vir wie sy heer oor sy diensvolk aangestel het om hulle D op tyd te gee? (Mt. 24:45)
- 5.4 Die koninkryk van die hemele sal wees soos E maagde wat hulle lampe geneem en uitgegegaan het om die bruidegom te ontmoet. (Mt. 25:1)

Vraag 6 **Sê of die volgende Waar of Vals is.**
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 6.1 Daar was tien verstandige maagde. (Mt. 25:2)
- 6.2 Die verstandige maagde het olie in die kanne met hulle saamgeneem vir hulle lampe. (Mt. 25:4)
- 6.3 Toe die bruidegom lank neem om te kom het almal wakker gebly en nie vaak geword nie. (Mt. 25:5)
- 6.4 Dit was middernag toe die bruidegom gekom het. (Mt. 25:6)
- 6.5 Die dwase maagde was te laat om die bruidegom te ontvang omdat hulle olie gaan koop het. (Mt. 25:10)
- 6.6 Dit is nodig om te waak, want niemand ken die tyd van die koms van die Seun van die mens nie. (Mt. 25:13)
- 6.7 Die dienskneg met vyf talente het daarmee gaan werk en vyf talente by gekry. (Mt. 25:15)
- 6.8 Die dienskneg met twee talente het daarmee gaan werk en een talent by gekry. (Mt. 25:22)
- 6.9 By die wederkoms van Jesus sal die nasies versamel word en hulle sal geskei word soos die herder die skape van die bokke skei. (Mt. 25:32-33)
- 6.10 Die mense wat aan die Koning se regtehand sit sal die koninkryk verkry wat vir hulle gereed gemaak was. (Mt. 25:34)

20 Punte

<i>Afdeling C – Les 1-9</i>

Vraag 7 **Sê of die volgende Waar of Vals is.**
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 7.1 Elia se naam beteken: God is my hulp. (Les 1)
- 7.2 Elia ontmoet 'n wedwee by Sarfat. (Les 1)
- 7.3 Elia se offer is met vuur uit die hemel aangesteek op Horeb. (Les 2)
- 7.4 Die groot profeet soos Elia was Johannes die Doper. (Les 2)
- 7.5 Elisa het vir Naäman aangesê om hom 10 keer in die Jordaan te gaan was. (Les 4)

Vraag 8 Voltooi die volgende sinne en vul die antwoord op die antwoordstel in:

Gevangenis, Manasse, Nebukadnesar, Serafs, goeie en gelowige, ongelowige, Dawid

- 8.1 Koning **A** van Babel het Jerusalem ingeneem. (Les 9)
- 8.2 Jeremia is in die **B** gegooi. (Les 8)
- 8.3 **C** is engele wat by die troon van die Here is. (Les 7)
- 8.4 **D** was die seun van Hiskia. (Les 6)
- 8.5 Hiskia was 'n **E** koning. (Les 6)

10 Punte

Totaal: 50 Punte